

OESTYD

JULIE 2008 (2de Kwartaal)

EK (Ds Tait) VRA GROOT VERSKONING VIR DIE FEIT DAT U NOU EERS, NA DIE LAASTE OESTYD WAT IN FEBRUARIE (vir die 1ste kwartaal) UITGEKOM HET, 'N NUWE OESTYD ONTVANG. EK KOM TYDGEWYS NET NIE BY DIE OPSTEL DAARVAN UIT SAAM MET DIE ANDER GEMEENTEWERK NIE. Tans is ek met verlof – daarom dat ek die Oestyd nou uiteindelik kan klaarmaak.

Ek besef dit gaan nie net oor die Oestyd nie, maar ook oor die koeverte wat daarmee saamkom wat u nodig het om u Geloofsbelofte-offer in te sit. Onthou asseblief: wat ookal die rede dat u nie koeverte oor die pos kry nie, daar is altyd koeverte beskikbaar by die MOBIELE INLIGTINGSTOONBANK na eredienste (by die kerkdeur naaste aan die hoek van Ben Swartstraat en 16de Laan). Ontvang hiermee saam ook 'n paar koeverte.

GELOFSOFFER-BELOFTE

Ons dank aan die Here en aan u vir die bedrag van R220 000 wat belowe is! Ons het gebid en vertrou dat ons bo en behalwe ons bestaande begroting nog fondse beskikbaar sal hê vir betokkenheid by Armenië, en daar verras die Here ons deur op almal se harte al die bedrae te lê wat nodig is om die benodigde grootstotaal vol te maak! Alle eer aan die Here, en dank aan u wat al vanaf Maart die beloofde bedrae inbetaal het (selfs ten spyte daarvan dat u nog nie weer koevertjies in die pos ontvang het nie).

SENDINGWEEK

Dankie aan almal wat die Sendingweek bygewoon het. Ons is dankbaar dat Martin de Lange die week kon voorgaan. Die gedagte is dat hy DV volgende jaar weer die Sendingweek aanbied – hierdie keer rondom die 7 gemeentes wat in Openbaring genoem word (onthou, Martin het 14 jaar in Turkye gewoon en werk – daar waar hierdie gemeentes geleë was)

WEEK VAN OORVLOED

Vanjaar is daar nie 'n Week van Oorvloed tydens die Pinksterweek gehou nie. Almal (volwassenes, kinders en jeug) is egter deur ds Tait gevra om op Sondag 8 Junie iets warmes soos 'n baadjie saam te bring kerk toe sodat ons daardeur 'n verskil kan maak vir hulle wat hierdie winter koud kry. Dankie vir almal wat iets gebring het. Ons het regtig baie en goeie komberse en kledingstukke gekry – en alles het al 'n plek gekry!

JEUG

Ons help graag jeug van Rietfontein-Suid wat op korttermyn uitreike gaan. Verlede jaar is Anilo Botha ondersteun met 'n uitreik na Egipte, en vanjaar ondersteun ons Anita de Beer (na Marocco), Heinrich Glass (na Kambodja) en DJ Muller (na Mosambiek).

LIMPOPO SENDING

Ds. Herold Weepener het tydens die sendingweek terugvoer kom gee op 19 Februarie 2008. Intussen het Ds Tait en hy telefonies 'n paar keer kontak gemaak. Hulle het nou weer iemand gekry as sendeling in oom Joseph wat oorlede is, se plek.

LAUDIUM SENDING

Gerhard Hoffman was hier op 21 Februarie 2008 tydens die sendingweek. Tans is Rietfontein-Suid nie meer verteenwoordig by Maandae aande se uitreik in Laudium nie. Die Bediening daar word deur Gerhard gelei. Alle eer aan die Here vir werkers wat bygekom het. Daar word Bybelstudies gehou op Dinsdagoggende en Woensdagaande. Daar is ook 'n groep wat Donderdagoggende help met 'n skool vir gestremdes. Die visie wat deur wyle Pieter van Nieuwenhuizen begin is van "Eternal Fellowship", begin nou gestalte kry. 'n Lokaal aan ehuur word waar almal - Hindoe, Moslem, enige agtergrond mense - bymekaar sal kom om mekaar beter te leer ken, gesellig saam te verkeer, en soos die Heilige Gees lei in 'n verhouding met Jesus te kom. BID asseblief daarvoor. Die boekie "Faith for Daily Living" word nog versprei, en dit is tot groot seën vir almal wat dit lees. Daar ord ok bepaal hoeveel van watter taal Bybels nodig is. Dit sal dan aangekoop word. Dank aan Rietfontein-Suid gemeente vir die ondersteuning aan Laudiumsending, asook vir die gebede vir die uitbreiding van Gods Koninkryk. Bid dat die sluier gelig sal word, vestings sal val, en die duisternis in lig verander.

DOULOS: GERDIA NEETHLING

Dit gaan nog goed met haar sendingwerk via die skip se besoeke aan verskeie hawens oor die wêreld heen. Sy maak in Oktober 2008 klaar op die Doulos, sy gaan trou.

MOSAMBIEK GURUE RADIOBEDIENING

In hul vorige nuusbrief het hulle gemeld van die eerste CD wat op 13 November 2007 oor die Gurue gemeenskapsradio uitgesaai is. Dertig minute uitsendings vind plaas op Dinsdae, Donderdae en Saterdag om 17h20. Hierdie gebeurtenis het plaasgevind bietjie meer as sewe jaar nadat die saadjie gesaai is tydens 'n uitreik na Gurue in Julie 2000. In hierdie tydperk kan die hand van God duidelik waargeneem word in elke gebeurtenis wat die wending van die bediening voorafgegaan het.

Wat het die afgelope 6 maande opgelewer? Allen van der Merwe (sendeling in Gurue wat ook optree as produksieatletjee bestuurder vir die radiobediening) het by sy vrou Ansie hier in SA aangesluit wat besig was om te herstel van 'n operasie aan haar gebreekte enkel. Ten spyte van hul beplanning om vroeg in Januarie 2008 terug te gaan na Gurue, het die stadige herstel van Ansie se enkel hulle sodanig vertraag dat Allen eers op 27 Februarie kon teruggaan en toe alleen.

Op 12 Maart het 'n uitreikgroep (10) van Hannes Brink (Stilfontein Sentraal gemeente) na Gurue vertrek op 'n ondersoek sending na die behoeftes van die sendelingpaar en die bedieninge waarin hulle betrokke is. Ansie se enkel het sodanig herstel dat sy saam met hierdie groep kon terugkeer na Gurue. Deel van die ondersoekspan was Anthonie Welman wat die eerste sendeling daar was en onder wie se toesig die aanvoorwerk van die

radiobediening plaasgevind het. Die volhoubaarheid van die bestaande elektriese kragvoorsiening is een van die punte wat deur die ondersoekspan geïdentifiseer is as 'n probleem waaraan aandag gegee sal moet word. Aangesien die produksie ateljee afhanklik is van elektriese krag, is ons in SA se betrokkenheid 'n gegewe. Enige hulp hier is welkom. Op 17 Maart is 'n vergadering gehou waarby al die verskillende rolspelers van die radiobediening teenwoordig was.

Die volgende is 'n kort samevatting daarvan:

- Versoeke is ontvang om die program ook in Portugees (stedelik) aan te bied (tans slegs in Lomwe – platteland);
- Ander versoeke is vir meer dae op die lug;
- Verdere opleiding ten opsigte van die inhoud van programme is noodsaaklik; en
- Reikwydte van radiosender is groter as aanvanklik gedink – reaksie ontvang van distrikte 70km vanaf Gurue.

Positiewe reaksie is ontvang van luisteraars en die “Omwiwa Yesu” (Hoor Jesus) program lewer die meeste briewe op aldus die bestuur van die gemeenskapsradiostasie.

BID ASSEBLIEF

Vir die sake hierbo vermeld asook:

- Die Omwiwa Yesu bestuur- en bedieningspan in Gurue;
- Sensitiwiteit vir die Heilige Gees se leiding; en
- Loof God vir Sy getrouheid

Dankie vir jou ondersteuning op watter wyse ookal. Maak asseblief van die e-pos gerief op die webblad www.gurueradio.org gebruik om met ons in aanraking te kom of skakel ons per telefoon.

KAMBODJA : ALTA GLAS:

Uittreksel uit Alta se nuusbrief 27 April 2008:

Hoop dit gaan goed met julle almal. Dankie vir al die e-posse en foon oproepe. Die versekering dat julle vir die bediening en my bid was goed om te hoor – soms voel dit of mens alleen staan. Dié versekering dat dié net 'n gevoel is en dat julle saam loop, het my laat beseft dat dit nie waar is nie en het my bemoedig.

Kambodja en Bediening

Khmer nuwe Jaar

Ons het die afgelope maand die Khmer nuwe jaar gevier en het 'n laaaaaang naweek gehad. Ander lande wat ook in April nuwe jaar vier is Panjabi, Nepali, Thai, Lao, Bengali en Tamil.

Die koninklike astroloog het 'n gloomy jaar voorspel – vloede, onbetroubare weerpatroon/reënval, minder oes vanaf die rysvelde, inflasie (rys en voedsel pryse) arm mense sal swaarder kry en armer word, meer violence, sout se prys sal styg, vroue van hoog geplaasde sal in “foul mood” wees vir die hele jaar en maklik kwaad word en aggressief wees ens. ens. Die hartseer is dat baie mense die voorspellings glo en daarvolgens lewe.

Plakkate en koerante in die stad het voorstellings gehad van die vroulike engel wat die jaar inlei terwyl sy op 'n rot ry - dit is die jaar van die rot - die offerhande wat sy gevra het vir die jaar was/is vye.

Persoonlik was dit 'n tyd van rus, lees en 'n leisury swot vir die New Testament Survey eksamen - gister afgeskryf. Ek het soort van gevas van mense en net selektiewe afsprake gemaak en nagekom. Dit was 'n ongelooflike seën, na weke waar omstandighede veroorsaak het dat daar nie een dag van rus en alleentyd was nie.)

Brande en 1 000'e Khmer 'huis-loos'

Ongelooflike brande in die stad die afgelope maand het duisende mense sonder huise en enige besittings gelos. As een houthuis in 'n beknopte area brand spreid dit vinnig. Die Khmer sê dat die Brandweer ongelooflik korrup is en nie help as die huiseienaars of naby bure nie hulle sakke skud nie – hulle sal na die brand area jaag met skreeuende sirenes, buite wag en alles laat stol totdat iemand hulle betaal voordat hulle sal optree. Hier naby my het hulle so lank gewag dat die eienaars van villas weerskante van 'n arm huis geld gee, om te voorkom dat die brand na hulle huise spreid, dat 'n jong persoon dood gebrand het. Daar word gesê dat tydens die grootste brand waar 430 hout-huise afgebrand het geen hulp van die brandweer ontvang is nie totdat een of ander hoog geplaaste gebel en beveel het dat daar in gegryp moet word. Huidig is daar 'n NGO veldtog om klere en kos vir die mense bymekaar te maak

Veritas

Bybel en vertalings

Ek geniet die gesprekke met die Rithy (vertaler) ongelooflik. Gedurende die afgelope week het ek tydens die proeflees gedeeltes dat daar sekere vertaalde woorde is waarmee ek nie gemaklik voel nie. O.a. is die “enkelvoud van God” weg gevat en vervang met “ons” dwarsdeur die nuwe kontemporêre vertaling. By 'n vorige geleentheid het ek met 'n pastoor daaroor gepraat en 'n foreigner het toe nasty aanmerkings gemaak dat ek dink ek ken die taal beter as die Khmer, ek het dit toe daar gelos en gevoel sy het dalk 'n punt beet – maar die pla in my hart het nooit opgehou nie.

Rithy ('n pastoor, 3 jaar in Bybelskool geswot) het tydens die proeflees waar ek gedeeltes dit het vir my gesê dat hy baie bly is dat ek so voel en hy het heftige argumente begin aanwend teen die kontemporêre vertaling:

Die konsep "ons" veroorsaak verwaring by mense wat nie die Bybel ken nie en dan dink ons het meer as een God, hulle besef nie dit is agv die 3 Eenheid so vertaal nie. Hy sê dat al die verskillende name van God weg geneem is en dat dit net God is – Hy voel dat dit nie reg is nie omdat die name God se karakter weerspieël. (Ek wil die statement navors).

Dat die Rooms Katolieke die meeste geld gegee het vir die vertaling en die meeste input gehad het tov daarvan. Hy voel dat die weg oop gemaak is dat daar later van die Rooms katolieke skrifte en "wette" bygevoeg kan word.

Dat Heb 1:13 so vertaal is dat dit nie duidelik is dat Christus "hoer" is as die engele nie maar dat dit voorkom asof hulle op gelyke vlak is. Hy het nog baie meer gesê en my oortuig dat navorsing van die verskille nodig is en ook dat ek definitief meer tyd sal moet uitsit om die taal beter te bemeester en meer kennis/gemaklik moet word met die Khmer Bybel.

UITTREKSEL UIT ALTA SE NUUSBRIEF 7 MEI 2008:

Hoop dit gaan goed met julle almal, hier gaan dit goed. Ons het huidig 3 vakansie dae in die middel van die week – Koning Preah Karuna Preah Bat Samdech Preah Boromneath Norodom Sihamoni se verjaarsdag.

Bediening

Veritas

EFC registrasie – dit klink asof 'n paar board members die 25ste gaan bymekaar kom en ons sal dan weet of ons 'n tydelike registrasie sal kry. Ons kan nie permanente een kry voor die al die board members vlg jr vergader nie. Bid asb hiervoor – my hart is dat ons die registrasie ontvang voordat ons weer na die provinsies gaan sodat ons wettig kan funksioneer. Die vertalings - Module 2 fasiliteerder af gehandel – sal Mod 3 se proeflees die week afhandel en hoop om Mod 4 se proeflees af te handel die eerste week van Junie, uitleg van Mod 3 en 4 nie so dringend omdat ons dit nie die jr gaan gaan gebruik.

Personeel

Sok: dit gaan goed – village pad erg modderig. Reis na stad lank en moeilik. Sarraan, doen baie goed met die "uitleg" van Mod 1 & 2 (om vertalings uit te lê vlg Veritas oorspronklike mod). Ek het met hom gesels en hy sal graag 'n proef van 3 mnd wil doen tov fasilitering. Bid asb saam – ek wil nie dat Sok sy droom van kerk planting (6) verloor ter wille van 'n salaris by Veritas. Hy en ek het soort van ooreengekom dat hy vlg jr sal fokus op sy droom en miskien net deelyds by Veritas betrokke wees. Agv dit moet ek ander hê wat in sy plek kan staan wanneer hy gaan. Ek het 'n paar aansoeke ontvang maar die ouens wil nie in die provinsies werk nie.

Kambodja

Ons verkiesing is in Julie. 'n Vorige koerant het berig dat Hun Sen sê as hy nie wen nie moet daar gereed gemaak word vir oorlog. Die week skud hy hande met die Moslems, wettig Moslem klere drag in die skole en laat 'n gebedskamer vir hulle by die lughawe bou. Daar is 'n poging van regering om die brothels toe te maa – die koerant berig egter dat die polisie sommige prostitute rape en dan moet die prostitute die polisie betaal voordat hulle vry gelaat word. Child labour is besig om toe te neem. Met die dat daar verskriklik gebou word is daar meer stene nodig en kinders word gebruik hiervoor. 12 jr oud verdien 6000 riel (US\$ 1.5) 'n dag en onder 10jaar oud 1 000riel (US\$ 0.25). Ongeveer 1.4 Miljoen (±50%) kinders tussen 7 – jr oud "werk" om vir hulle gesinne te sorg, baie op lande en rysvelde. Die enigste inkomste van duisende "Rubbish collectors" gaan gestop word omdat die rubbish dump geskuif en afgeskort gaan word.

Bid asb:

- Volgens voorafgaande inligting in brief;
- Jane – "SA"er – ek het haar verlede week gevra hoekom sy Christus weg gegooi het en haar antwoord was dat Christus net 'n rebel was wat die Roomse regering wou omvergooi. Wel, hoe op aarde mens hierby uitkom sal ek nou nie weet nie. Bid asb vir haar dat die Here die feit dat ons 2 openlik gesels sal gebruik om haar te laat terug draai. Ook dat ek wys sal wees tov wat ek sê.
- Iemand het acid oor Pastor Vibol, die leier van Bible League, se vrou Sokniem gegooi. Sy het in die kar gesit so die helfte van haar lyf is verbrand – sy is in Vietnam en infeksie is 'n groot gevaar – sy het al haar oor verloor agv infeksie. Die gesin het nodig dat daar ernstig vir hulle gebid word. Bid ook asb teen die stories wat begin versprei – dit is "algemeen" dat die soort van ding tydens liefdes driehoek gebeur.

UITTREKSEL UIT ALTA SE NUUSBRIEF 8 Junie 2008

2 Uitdagings

Virusse galore op my rekenaar het dinge nogal gemaak met die uitleg van Mod 2. Ek was verlede week nogal erg gestres oor dit, maar kon dit gelukkig Woensdagnag afhandel en dit is huidig by die printer – Don is d dag vir opleiding van Mod 2.

Oog infeksies het my erg getreiter vir ongeveer 'n maand lank – daar was tye wat ek glad nie kon sien met my regter oog nie. Eers was daar 'n geïnfecteerde ulcer op my oog self, direk na dit genees was erge conjunctivitis en iritis. My oog is nou so 99.9% genees. Ek jubel omdat ek weer kan sien en omdat die pyn weg is.

Bediening

Veritas

EFC registrasie – board members het weer nie vergader, moet nou wag tot Julie.

Die vertalings

- Module 1 - Totaal afgehandel
- Module 2 - Deelnemers totaal afgehandel, Fasiliteerders vertaling en proeflees afgehandel; korrigering op rekenaar en uitleg moet nog gedoen word
- Module 3 - Vertaling en proeflees afgehandel - korrigering op rekenaar en uitleg moet nog gedoen word.
- Module 4 – ½ geproeflees – sal res einde van die maand proeflees.

Personeel

Sok is opgewonde omdat hy nou Module 1 aanbieding gaan doen en wil nie dat ek dit doen nie. Ek sal insit in PP opleiding en help om die in die provinsies te fasiliteer omdat hulle groot groepe is. Sarraan gaan ook Mod 1 deelnemers kursus in PP doen en daarna sal ek hom ook oplei as 'n fasiliteerder – hy sal dit doen vir 'n 3 maande proeflydperk sodat ek kan evalueer of hy kan fasiliteer. Hulle 2 sal verantwoordelik wees vir die opleiding in Sisowhat.

Opleiding

Ons begin die komende week met die opleiding – dit pas nie die ouens in Sisowhat die maand nie – so ons begin volgende maand daar.

Daughters

Ek is ongelukkig as ek nie by mediese/beradings bediening betrokke is nie en is weer terug by Daughters.

Ons (Ruth & ek) het ooreengekom dat ek:

- Vrydae middag na spesifieke brothels toe sal gaan – doelwit: medies, berading en evangelisering.
- 2 Woensdae middag 'n maand sal ek verantwoordelik wees vir pastoral care meetings gefokus op die personeel.
- Sommige Vrydae middag sal ek verantwoordelikheid vat vir die selgroep byeenkomste.

Ander

Dit gaan goed met die Taize meetings (My vriendin het nice kerse vanaf Engeland gebring) – Vrydag aand was daar ongeveer 45 mense. Interessant was dat een vrou van Holland vir my gesê het dat sy nie kerk dienste bywoon nie en dat die meetings enigste “kerk” is wat sy bywoon.

Jane – Ons sien mekaar nog gereeld, bid asb dat sy Christus sal leer ken.

Khmer kerk – In Kambodja is daar elke jaar 'n ouerdag waar die Khmer letterlik hulle ouers was, ek het al dikwels gesien hoe die ouers met hulle voete in water sit en hoe die hele lyf, ook die hare, gewas word om dankie te sê en respek te betoon. Dit is 'n Boeddhistiese gebruik. Die Khmer kerk wat ek bywoon gaan nou ook so 'n dag hê waar die ouers ge-eer gaan word en almal saam gaan eet. Ek het my huiseienaar gevra om saam te gaan, haar dogter gaan ook na die kerk. Bid asb dat sy sal gaan en dat die Heilige Gees in haar hart sal werk om Hom aan te neem.

Studies

Dit gaan goed – Nog 2 vakke afgehandel – Survey of New Testament & Man and Sin. Een van die Assignments van Man & Sin was Interview somebody in your community who holds strong non-Christian views tov konsep oor hoe mens ontstaan het, konsep oor sonde, vergiffenis etc. dit was regtig interessant en leersaam. Nou Hermeneutiek & Occults

Bid asb:

- Volgens voorafgaande inligting in brief.
- Opleiding veral vir die ouens wat vanaf Vietnam vir die opleiding kom (veiligheid etc)
- Daughters
- Pastor Vibol, die leier van Bible League, se vrou Sokniem (op wie die acid gegooi is) is die week geopereer en haar oor en bors is verwyder.

ALTA - EINDE JUNIE 2008

Alta se motor gee haar nou al geruime tyd probleme en hoewel sy vreeslik lief geword het vir “hom” :) lyk dit of dit nou tyd geword het om afskeid te neem. Soos julle weet is sy tans werksaam in die proVinsies met Veritas opleiding. Ongelukkig het Alta se motor weer probleme gegee tydens die reis na Kampong Thom. Bid asseblief saam vir antwoord op haar vervoerprobleem.

KOERDE: ARMENIË

Leon Tait en Chris Botha het telefonies en deur 2 vergaderings weer kontak gemaak met die sendelinge van World Mission en Masedonië Projekte (Campus Crusade) – die mense wat deur ons namens Rietfontein-Suid gemotiveer is om uiteindelik by Armenië betrokke te raak. World Mission se mense het 3 jaar lank uitgestel om by Armenië uit te kom, en nou het hulle 4 uitreike vanjaar daarheen – als as gevolg daarvan dat Rietfontein-Suid gehoorsaam was aan die Here se roeping en opdrag dat Armenië dringend aandag moet kry.

Wat die mense van Masedonië Projekte aanbetref: nav oa die feit dat ons Mike de Beer gemotiveer het om na 4 jaar se uitstel uiteindelik by Armenië uit te kom, het hy sy leiers gevra of hy van nou af net op die Koerde kan fokus. Vanaf 27 Desember vanjaar tot 3 Januarie 2009 gaan hy en Ander Chris Botha (ons noem hom so om hom van ons Groot Chris Botha te onderskei) terug na Armenie spesifiek na die Koerdiese gemeente wat ons daar raakgeloop het. Hulle beoog om R30 000- R50 000 saam te neem en die gemeente daar te gaan help met aankope van wat hulle benodig (bv DVD speler en rekenaarprojektor vir die wys van die Jesus film) en die installing daarvan en opleiding gee daarin. Ons gemeente het via die Sendingbediening begroot om uit die Geloofsoffers R15000 saam met hulle te stuur. (Dit is so dat ons ook gesê het ons wil graag 'n groep uit ons gemeente vat om in Armenie te gaan uitreik. Ons het al met 'n paar lidmate gesels, en dit lyk vir ons of almal eers wil wag en sien

waarnatoe alles gaan met die stygende elektrisiteit-, petrol-, eiendomsbelasting- en kospryse. Op hierdie stadium is 'n uitreik in 2009 dus buite die kwessie; ons kyk op die vroegste na 2010).

KOERDE: OOS-TURKYE

Gaan goed: Dit is net moeilik om visums te bekom. Suzanna gaan nog aan met haar oorlede (vermoorde) man se werk. Die Evangelieboodskap word aan ander Turkse vroue gebring.

ANDER SAKE VIR U INLIGTING EN GEBEDE

Sending Sonder Grense

Ds Tait en Monique is baie betrokke by hierdie saak waar kinders en families in oa Oekraïne, Moldawië en Roemenië geborg word. Met R160 pm word alle klere, huisvesting, kos, mediese versorging, skoolgelde ens van 'n kind geborg. Op 20 April vanjaar het Ron en Helena Lindemann ons tydens die oggenddiens aangaande die werksaamhede van SSG ingelig. Waar voorheen 3 kinders deur van ons gemeentede geborg is, word daar nou 15 geborg! Plus nog een, naamlik die 10 jarige Sergiy Denysenko van Oekraïne, wat deur ons junior kategese kinders geborg word (sy foto kan op ons gemeente se jeug webwerf gesien word). Ons kinders het geld ingesamel dmv "geldbome" - prente van bome waarop verskillende geldstukke geplak word. Volgende jaar sal hulle DV weer in Apri/Mei mbv die geldbome geld bymekaar maak om Sergiy vir die volgende jaar te borg.

Vietnam: persecution persists despite some hopeful signs

Since missionaries arrived in Vietnam in the 16th Century, Christianity has played a significant role in national development. Overseas assistance in education and humanitarian sectors has contributed greatly to national development and still does. Despite this legacy of goodwill, Christians have historically experienced various forms of pressure and persecution. In the 19th Century, rulers were fiercely determined to wipe out every vestige of the Christian faith. Yet the Church survived these and subsequent persecutions over the years. Today Christianity is followed by eight percent of Vietnam's 85 million, worshipping in everything from formally government- recognised denominations to unrecognised evangelical house churches which comprise more than half the Protestant church. Recent years have seen some improvement in religious freedom, church recognition and small steps toward relaxing restrictions. In June 2004 the nation's Constitution was amended with an ordinance that allowed for freedom of religious belief and prohibits violation of this freedom. Though promising, this progress is regarded by many as just a shallow means to an end to obtain US and international trade accords as well as the removal of Vietnam's religious liberty status as a 'Country of Particular Concern' (CPC) by the US State Department. On the eve of the Asia Pacific Economic Conference in November 2006, Vietnam was removed from the CPC list, despite evidence of continued abuses, imprisonments and restrictions on the Christian community which continue today.

In the May cover letter of the US Commission on International Religious Freedom's annual report (<www.uscirf.gov>) special attention was placed on the degradation in religious liberty issues in Vietnam. The Commission made a strong recommendation for Vietnam to be again classified as a CPC, based on 30 pages documenting findings of continued repression of religious freedom, especially within the Christian community. The Commission noted that since CPC status was lifted and World Trade Organisation membership was achieved, 'religious freedom trends have not kept pace' with improving international economic relationships. Moreover, the Commission noted 'uneven' improvements in the light of continued abuses and restrictions, including believers imprisoned for their faith. Nowhere is this more evident than in the repression of believers in the Central Highlands and Northwest provinces. Whilst there has been progress in provincial authorities extending permission for churches to operate and officially register, there remains varying levels of persecution at a house church level. Security officials are known to place believers under close surveillance, exert pressure to sign pledges to abandon the Christian faith, impose arbitrary fines of up to half-a-year's wages and arrest those found meeting for worship and prayer. During a recent meeting with Dr Geoff Tunnicliffe, World Evangelical Alliance International Director, church leaders raised the confiscation of 265 church properties as a matter for urgent prayer. In addition, believers have suffered loss of personal property and family inheritance due to their faith in Christ. Before his last arrest in 2004, Nguyen Hong Quang, a lawyer and Mennonite pastor, gave a friend these words of encouragement: 'The Church is now on stormy seas but the boat still goes out. The Lord enables us to row together. Be at peace. I ask you and the Church to pray for us.' Despite temporary lulls, turbulent conditions continue but the Vietnamese Church presses on nonetheless. May their courage not melt away but remain all the more resolute in the unflinching love and faithfulness of the One who stills the storm (Psalm 107:29).

PLEASE PRAY SPECIFICALLY FOR -

* those detained for practising the Christian faith: in addition to Christian advocate Nguyen Van Dai, remember all who silently count the cost of their faith in difficult prison conditions country-wide, including Montagnard and Hmong believers; may they and their families not feel abandoned. Pray also that church property confiscated by government authorities will be returned, remembering also believers who have suffered the loss of personal and family property

NAVRAE

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone kontak wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Corné du Plooy - Leon Tait (331 2076)

Mosambiek radiostasie/Allen en Ansie vd Mwerwe - Japie en Ena le Grange (331 3953)

Alta Glass - Chris en Eureka Botha (331 1286)

Gebedsketting + Laudium - Alet Briens (331 1311)

Gerdia - Pieter Meiring 082 487 5462

Harold Weepener (Limpopo) - Elna du Plessis 082 873 1184

Sendinggroete in Christus

SENDINGBEDIENING